SAKE 24 (Beeld)
Tuesday, 16 November 2010, p. 8

Sterkte van die rand kniehalter MiX Telematics se halfjaar-wins

Edward-John Bottomley, Johannesburg

Die vlootbestuur- en voertuigopsporingsgroep MiX Telematics sukkel steeds met die sterk rand.

Die maatskappy het gister met die bekendmaking van sy resultate vir die ses maande tot einde September effense groei in omset tot R435 miljoen getoon. Die nabelaste wins het met 0,6% tot R23,5 miljoen gedaal teenoor die vorige vergelykbare tydperk.

" 'n Sterk rand is nie baie goed vir ons nie en die rand het sedert die vorige vergelykbare tydperk beduidend versterk," sê mnr. Stefan Joselowitz, uitvoerende hoof.

Die groep het sewe internasionale kantore in onder meer die VSA, Brittanje en Australië en sowat 700 werknemers. Sy internasionale bedrywighede maak hom kwesbaar vir 'n sterk rand.

Die maatskappy het sy jaar goed begin met die aankondiging dat hy 'n tender vir die Eskom-voertuigvloot gekry het, wat tot 9 000 eenhede kan wees.

Volgens Joselowitz is baie van die wêreld se ekonomieë steeds broos en is mededinging in die bedryf sterk. "Ek dink egter ons is goed geplaas om ons mediumtermyndoelwitte te bereik."

Goeie nuus is dat die maatskappy se annuïteitsinkomste met R17 miljoen tot R254 miljoen gestyg het.

MiX se basiese toeskryfbare verdienste per aandeel het geen verandering getoon nie en het 3,6 c per aandeel beloop. Sy aangepaste wesensverdienste per aandeel was onveranderd op 5c per aandeel.

Die omset van MiX se Afrika-afdeling, wat die helfte van sy omset genereer, het van R241 miljoen tot R263 miljoen gestyg.

"Die Wêreldbeker-toernooi was vir almal baie lekker, maar, om eerlik te wees, nie baie goed vir ons sake nie," sê Joselowitz.

MiX se afdeling in die Midde-Ooste het gegroei, maar die Britse afdeling se omset het wesenlik gedaal.

Die maatskappy se aandeelprys was gister onveranderd op R1,35 per aandeel.